ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE
VERENIGING VIR CHRISTELIKE
HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 63 Nr. 1

Mei 2015



Ons benodig God en sy openbaringe vir die volvoering van ons roeping

So bely die VCHO sy:

Doel:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

Grondslag

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

Missie

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Jos. 1:5-9

Roepingsbewustheid besiel jou

Broers, ek verbeel my nie dat ek dit self al gegryp het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek jaag na die wenstreep om die hemelse prys te behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus – Filip. 3:13, 14.

Wie nie aan die roeping van die Here vashou nie, sal nooit in sy pligsbetragting op die regte pad bly nie. Miskien sal iemand soms iets kan doen wat die indruk wek dat dit lofwaardig is. Maar hoe dit ook in die oë van mense skyn te wees, voor die troon van God sal dit verwerp word. Bowendien sal hy geen innerlike ewewig hê nie.

Jou lewe sal dus slegs baie goed beplan wees as dit volgens jou roeping ingerig is. Want dan sal niemand impulsief méér aanpak as wat sy roeping meebring nie, omdat hy weet dat hy sy grense nie mag oorskry nie. Wie 'n gewone burger is, sal dit nie moeilik vind om 'n alledaagse lewe te voer nie, sodat hy sy roeping waarin God hom gestel het, nie sal verlaat nie.

Verder: dit sal in sorge, arbeid, ergernis en ander laste geen geringe verligting bring nie, wanneer iedereen weet dat God sy Leidsman in alles is. Die owerheid sal sy amp met groter bereidwilligheid waarneem, en die huisvader sal hom tot sy roeping bepaal. Almal sal in hul eie lewensloop die onaangenaamhede, die sorge, die walglike en die kommer kan verdra en verwerk. So sal dit wees as hulle oortuig is dat elkeen se las deur God opgelê is.

En daar sal ook buitengewone troos uit die wete geput kan word dat geen werk so gewoon en alledaags is dat dit nie voor God skitter en as baie kosbaar geag word nie: jy moet slegs gehoorsaam aan jou roeping wees.

Inst. III, 10, 6

Here, maak my en hou my roepingsbewus, tevrede en gehoorsaam.

In hierdie uitgawe

Religieuse en etiese liefde	4
Bybel as God se spreke	6
Prof. Dooyeweerd	8
Geloftedag 2014	10
Afrikanerrebellie	11
Tydskrif vir Christelike Wetenskap	14
Verhouding wysgerige, teologiese en vakwetenskaplike etiek	17

Redaksioneel

Gedurende 2014 het daar twee uitgawes van ons blad verskyn met ’n tematiese gerigtheid, naamlik oor (i) die Christelike etiek (Mei) en (ii) Christelike gehoorsaamheid & protes (Sept.). In hierdie (Mei 2015) uitgawe is daar ’n aantal onderwerpe wat ondermeer verder uitbrei op die wese van die etiese as lewensbeginsel. Daar het naamlik ’n vraag van een van ons lesers ontstaan oor groter duidelikheid wat betref die onderskeide tussen wysgerige, teologiese en vakwetenskaplike etiek, waarna slegs in die 2014-uitgawe verwys was. Prof. JH Smit het in ’n vroeëre VCHO-publikasie oor die verhouding tussen hierdie drie geskryf, waarin die onderskeide verduidelik word. Die uittreksel uit sy 1985 werk verskyn op bl. 17.

Terwyl daar in die vorige (Mei 2014-uitgawe) óók na religieuse en etiese liefde verwys was, sonder dat uitvoerig daarop ingegaan was hoe dié twee tot mekaar staan, word verdere verklaring nodig geag. Derhalwe is geoordeel dat daar ook in hierdie uitgawe groter lig op hierdie saak gewerp moet word, aangesien religieuse en etiese liefde nie as dieselfde soort liefde getipeer kan word nie, maar tog ook nie van mekaar geskei kan word nie. Die twee soorte liefdes verskil wel, desondanks is daar ’n onoorsienlike verband waarop die aandag gevestig wil word, soos in die VCHO-publikasie deur prof. Smit verduidelik. Dit verskyn op bl. 4 van hierdie uitgawe.

’n Belangrike bydrae deur prof. SJPK Riekert handel oor “Die Bybel as God se spreke tot die mens”. Hierdie bydrae is van besondere betekenis, aangesien die uniekheid van die openbaring deur God, soos deur die Skrif ons meegedeel, die egtheid en betroubaarheid van die Goddelike spreke bevestig. Vir die 21ste eeuse gelowige dien dit tot hernude versekering dat die Woord van God gesagvol, onfeilbaar en waar is, selfs in ’n tyd dat dit deur baie betwyfel word en daar vooraanstaande wetenskaplikes is wat dit waag om die Skrif vanuit hulle wetenskaplike vooroordele te kritiseer. Vir baie gelowiges van ons tyd het die wetenskap almeer die plek van die Bybel begin inneem.

Daar is ook geoordeel dat dit goed sou wees om die 2014 Geloftebodskap wat op 16 Desember by die Vrouemonument deur ds. C Bester gelewer was, te publiseer vir nadenke en refleksie. In die onseker tye waarin ons eie volk hom tans bevind, dien dié boodskap tot besondere troos en oprigting vir baie van ons wat wonder/dalk ook twyfel oor die toekoms van Suid-Afrika en waarheen ons en andere op pad is.

Hierdie uitgawe van ons blad bevat ook die 2de deel oor die bekendstelling van die boek oor die Afrikanerrebellie wat verlede jaar verskyn het. Die 1ste deel het in die September-uitgawe oor “… gehoorsaamheid en protes” verskyn. In hierdie 2de deel is dit van belang dat kennis geneem word van die betekenis van die verloop, omvang en afloop van die Rebellie.

Laastens is daar bydraes oor die verskyning van die *Versamelde Werke* van prof. Herman Dooyeweerd, asook die opgradering van ons geakkrediteerde *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* wat ’n belangrike moment in die voortgang daarvan verteenwoordig. Die VCHO was in die 90erjare ten nouste betrokke by die verskyning van een van die dele van die *Versamelde Werke,* vanweë ’n ruim finansiële bydrae aan die Dooyeweerd Stigting.

Ons geakkrediteerde tydskrif wat die vaandel vir Christelike wetenskap dra, het verlede jaar 50 jaar oud geword. Dit het saamgeval met die digitalisering daarvan, sodat die tydskrif se sigbaarheid en toeganklikheid daardeur aansienlik verhoog word. Daar word oor ’n spesiale uitgawe ter viering daarvan berig, wat vir 2015 in vooruitsig gestel word, en waarvoor (artikel) bydraes gevra word.

VCHO en digitalisering

Die VCHO is toenemend besig om funksies te digitaliseer, ten einde aan die eise wat die tyd stel te voldoen en tred te hou met ontwikkeling in tegnologie. Verlede jaar het ons daarin geslaag om ’n eie webblad vir die *Tydskrif vir Christelike wetenskap* daar te stel, waar die eerste (2014) uitgawes van die tydskrif in digitale formaat verskyn het. Die intekenaartal op die digitale formaat het intussen gegroei en daar is steeds meer wat daarop inteken. Ons verwelkom die verwikkeling, aangesien die boodskap van Christelike onderwys en wetenskap daardeur uitgedra en ’n aansienlik breër leserpubliek bereik word. Lesers kan gerus na ons webblad gaan kyk by: Tydskrif vir Christelike wetenskap en kies dan spesifiek die skakel waar u ‘cs-journal’ sal sien.

Ons het ook nou ’n nuwe ander webblad ryker geword, nl. dié oor Christelike regswetenskap, waaroor ons baie dankbaar is. Aan die begin van 2015 het die moontlikheid ontstaan dat dié webblad na die VCHO sou kon oorgaan en na gesprek met die vorige eienaar het dit wel na die VCHO oorgekom. Regswetenskaplike artikels en ander bydraes oor die Christelike reg verskyn op die webblad. Die skakel daarheen is vantevore op ons eie VCHO-webblad aangebring, maar dit kan ook bereik word deur bloot ‘Christian law’ met die soekenjin te gaan opspoor.

Die ontwikkeling en oorname van die bogemelde webblaaie dien tot aansienlike uitbouing en verryking van die VCHO se missie-realisering.

Religieuse en etiese liefde

Geneem uit* Etos en Etiek *deur prof. JH Smit

Na aanleiding van vroeëre artikels in ons blad oor die plek van die etiese in menselewens, het die vraag ontstaan hoe die Bybelse sentrale liefdesgebod en etiese liefde [waaroor dit in die artikel(s) gegaan het] tot mekaar staan. Prof J.H. Smit se werk *Etos en Etiek* bied 'n antwoord hierop (bl. 30-32):

****

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand! Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself!" (Matt. 22, 37/9).

Die sentrale liefdesgebod is die grondwet van die koninkryk van God. Dit het implikasies vir die ganse koninkryksterrein. Nie net vir die etiek nie, maar óók vir die etiek, is dit begrondend.

Die Bybelse spreke is nooit filosofies of teologies gedifferensieerde spreke nie. Die vraag ontstaan dus of die twee "tafels" eksklusief verwys na twee verhoudings, die een vertikaal en die ander horisontaal? Wat presies is die betekenis van "hiermee gelyk"? Andersyds kan gevra word of die liefde wat hier geëis word en die liefde as sinkern van die etiese aspek, dieselfde sou wees? Is daar 'n onderskeid tussen modaaletiese liefde en sentraalreligieuse liefde? Verder: As daar beveel word dat die naaste soos die self liefgehê sal word, impliseer dit bloot modaaletiese liefde?

In die lig van hierdie vrae lyk dit noodsaaklik om die religieuse dimensie van die modale dimensie te onderskei, dit wat in die hart omgaan en die optrede vanuit die religieuse hart. Dooyeweerd verwys in sy behandeling van hierdie probleem, na die werk van WJ Aalders. Laasgenoemde het ingesien dat daar 'n onderskeiding tussen die religieuse en die etiese verhouding moet wees, maar soek dit in die sentrale liefdesgebod self. Volgens Dooyeweerd kan Aalders nie ontkom aan die gevaar om óf religie te moraliseer óf moraliteit te laat absorbeer deur religie nie. Hy wil geen skeiding in die sentrale liefdesgebod (nie) omdat dit 'n onverbreekbare eenheid en geen tweedeling in religieuse en etiese deel toelaat nie.

"in its religious fullness of meaning the love of our neighbour is nothing but the love of God in His image, expressed in ourselves as well as in our fellow-men. This is why Christ said that the second commandment is equal to the first. One can also say that it is *implied* in it" (H. Dooyeweerd, 1955, 155).

Die teenoorgestelde beswaar geld Emil Brunner. Hy definieer etiek as die wetenskap van menslike gedrag bepaal deur goddelike handeling en herlei dus die etiese na die religie.

Ter verduideliking dan die volgende: Die sentrale liefdesgebod is religieus en nie moreel van aard nie. Ons morele liefdesverhoudings teenoor ons naaste is slegs een modale aspek van die totale gemeenskap.

Liefdesverhoudings het slegs sin in die samehang met alle ander aspekte van menslike eksistensie. Hulle differensieer noodwendig in verband met die verskeidenheid

sosiale samelewingskringe. Maar *die religieuse liefdesgebod sien die naaste as 'n lid van die radikale religieuse gemeenskap van die mensdom*, in sy sentrale verhouding tot God, wat die mens geskep het na Sy beeld. Daarom is *die sentrale liefdesgebod die wortel van al die modale aspekte wat die goddelike wet* in die tydelike werklikheid *ontvou*.

Elke mens is egter opgeneem in 'n religieuse gemeenskap wat in stand gehou word deur 'n algemene dryfkrag, 'n sentraalmotiverende krag wat werksaam is in die mens. Hierdie gemeenskapsgees werk deur 'n religieuse grondmotief of etos wat inhoud gee aan die lewensingesteldheid en denke. Aanvanklik was daar net een grondmotief, dié van die skepping. Toe was daar 'n onbelemmerde liefdesdiens van God ook via liefde vir die ewemens. Maar met die sondeval kom die absolute antitese. Juis midde in die antitese kom die sentrale liefdesgebod na die mens. Dit is die worteleenheid van alle skeppingstrukture. Dit lê

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

radikaal en integraal beslag op die mens se hart. Dit dryf die mens tot gehoorsaamheid aan al die skeppingsordeninge van God.

Die sentrale en allesomvattende sin van Gods religieuse liefdesgebod kan egter teoreties slegs benader word vanuit die gedifferensieerde sinverskeidenheid. *Elke* aspek en struktuur van die werklikheid het 'n konsentriese middelpunt in die sentrale eenheid van Gods wet.

Hoe die sentrale liefdesgebod uitgeleef sal word, kan alleen in terme van die modale en strukturele skeppingsverskeidenheid uitgespel word.

Al is dit dan so dat die term 'liefde' voorkom in die sentrale liefdesgebod, neem dit nie die feit weg dat die etiese, saam met onder andere die juridiese, die ekonomiese, die logiese, die talige en die geloof, splitsings van die een sentrale wet van God bly nie. *Die sentrale religieuse liefdesgebod gee dus sy dieper sin aan die etiese* (ek moet my naaste liefhê en hom tot diens wees om Christus te eer), die ekonomiese (ek moet spaarsaam te werk gaan met middele en meedeel t.w.v. Christus se eer), ek moet sosiaal normatief optree (ek moet te alle tye hoflik wees en só my naaste liefhê en tot diens wees t.w.v. die eer van Christus). Ook wat die geloof betref soek ek vastheid en sekerheid vir myself en my naaste ter wille van Christus se koninkryk.

Daar is dus geen norm of werklikheidstruktuur wat bestaan bloot om sigself nie. Die sentrale wet van God gooi alles in reliëf. Dit gee agtergrond vir dinge wat los en onbegrypbaar sou wees daarsonder. Dit integreer ons en ons bestaanswerklikheid.

Die algemene *roeping* wat daar vir die mensdom bestaan, is geleë in die sentrale religieuse liefdesgebod wat alle mense in hulle beroepe, alle samelewingstrukture en alle modaliteite van die bestaan insluit en wat alle arbeid sinvol maak.

Dit wat Calvyn en die Belydenisskrifte beskou as die hoogste goed: om God te ken en te eer, word juis deur die religieuse liefdesdiens van God en medekreature verwerklik.

Die eenheid van die sentrale religieuse liefdeswet hef nie die moontlikheid op om te bly onderskei tussen liefde tot God en liefde tot die naaste nie. Wanneer die barmhartige Samaritaan *naasteliefde* teenoor die slagoffer langs die pad betuig, is dit religieuse gehoorsaamheid tot eer van God. Maar sy liefde vir sy naaste beteken nie 'n totalitêre oorgawe aan die slagoffer nie. Sy religieuse hart kom God alleen toe. Tog is sy liefde omvattend in dié sin dat die naaste nie net eties nie, maar ook sosiaal en ekonomies versorg word. Sy dade as sulks is egter eties *gekwalifiseer*.

'n Beperkte oplaag van die boek oor *Die Afrikanerrebellie* in die reeks *Die Erwe van ons Vaad're* onder die redakteurskap van Danie Langner en Andries Raath is van die VCHO bekombaar teen 'n billike prys plus versendingskoste. Belangstellendes kan die onderstaande vormpie invul en aan die kantoor stuur of telefonies navraag doen. Kyk ook die berig op bl. 11.

Bestelvorm: Die Afrikanerrebellie

Ek …… bestel hiermee 'n eksemplaar van die boek.

Volledige adres:

……..

……

Sel/Tel. nr …….

Handtekening ……..

of skakel ons by 051-5252341

Die Bybel as God se spreke met die mens

Emeritus-prof. Fanie Riekert

1. Die Wonder van die Verlossingsgebeure en die Wonder van ’n Bybel in ons hand

Unieke Verlosser en unieke Bybel

Die Christelike godsdiens berus op die onbegryplike verdienste van Jesus Christus wat ons uit ons sonde verlos het. In art. 19 bely die NGB dat Hy volkome mens en volkome God is. Hy is ewig God (100%) en Hy word in die tyd ’n mens (ook 100%) waar Hy aan die regterhand van die Vader sit met sy menslike natuur terwyl Hy in sy Godheid by ons is en saam met die menslike natuur in die hemel is. Die ervaring wat uit die onderrig spruit, laat die skrywer praat in terme van persentasie.

Die goddelike natuur van Christus is 100% van ewigheid tot ewigheid. Dan neem Hy in die tyd (vanaf die ontvangenis tot by sy hemelvaart ’n sigbare menslike natuur aan, en ook 100%. Dit beteken dat hierdie twee nature in Christus nie vermeng was nie en albei ook nie verander het tot ’n nuwe natuur nie. Dit was ook nie gedeel en geskei nie, sodat ons moet reken met 50% Goddelike natuur en 50% menslike natuur of ’n 100% god-menslike natuur nie. Die wonder van Christus is dat Hy volkome God (100%) en volkome mens (100%) is. Dit moes Hy wees om ons Verlosser te wees van die krip tot die kruis en is dit nog steeds om na sy menslike natuur aan die regterhand van God te sit en vir ons in te tree en na sy goddelike natuur met ons te wees. In die heilsbestuur van God-Drieënig is die menslikheid nie onversoenbaar met die goddelikheid nie. Dit maak die Christendom uniek en is daarom wonderbaar in ons oë, “n wonder van bevryding” waaroor ons kan sing (Lied 351:2, Liedboek).

Twee wyses van openbaring

As God met ons praat, dan spreek Hy op twee wyses met die mensheid. Ons kan sê daar is twee wyses van openbaring. In die algemene openbaring spreek Hy in die skepping, regering en onderhouding van die wêreld. In die besondere openbaring spreek God in die heilshandelinge wat vertel van God se koms in die midde van die geskiedenis van ’n gevalle wêreld – ’n lang weg wat eeue omspan, vgl. NGB art. 2.

’n Uitbreiding op God se openbaring deur sy werke

God maak Hom bekend deur sy skeppingswerk en ook deur die onderhouding van die geskapene. Alle skepsels het nie alleen hulle ontstaan nie, maar ook hulle bestaan en voortbestaan alleen aan God te danke. Gesien in die lig van God se onderhouding en regering van al hierdie geskapenes merk ons God se openbaring in hierdie werke van Hom: ons sien die heerlikheid van God in die natuur, sy soewereiniteit, sy deugde en dat natuur en genade nie teenmekaar stry nie. Ons word opgeroep om die



Here te loof en te prys, Pss 46, 66, 147. Ons moet sien hoe magtig en wys en wonderbaar Hy is, wat alles geskape het, nog onderhou en regeer.

Het jy raakgesien?	God spreek 100% in die natuur en op ’n ander wyse 100% deur en in die genade.
Een Verlosser:	100% mens en 100% God.
Een Spreke van God:	Die natuur en die heilsgeskiedenis prys die Een God wat Homself as Drie-enig openbaar. Dit kan ook nie anders nie, want Skepping en verlossing is albei die werk van één en dieselfde God (Heyns, *Inleiding*, p.69)

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

Ons ken God omdat Hy Homself aan ons openbaar het

Uit ons eie het ons geen kennis van God nie ten spyte van sy openbaring in die skepping. Hoe duidelik en helder God se openbaring in die skepping, onderhouding en regering van die wêreld was en is, dit is nie voldoende nie. Ons kennis van God uit sy werke is alleen moontlik en afhanklik van die feit dat ons Hom leer ken uit sy Woord. Daarsonder kan ons God se werke verkeerd verstaan. Ons het kennis van God deurdat en vir sover God Hom aan ons openbaar het. God het met die mense begin praat om te sê wie Hy werklik is.

God het sekere mense in staat gestel om sy werke te verstaan en te besef dat Hy met hulle praat. Op hulle beurt het hulle weer vir ander vertel wat hulle van God geleer het en van God geweet het. As God Hom nie aan die mense geopenbaar het nie, sou ons niks van God geweet het nie. Vir ons kennis van God is ons daarom uitsluitlik aangewese op God se openbaring. Ons ken God dus omdat en vir sover Hy Hom aan ons openbaar het. Dwarsdeur die tyd het God voortdurend met die mense gewerk sodat hulle meer van Hom te wete gekom het en al meer besef het wat Hy eintlik van hulle verwag. Vir hierdie openbaring het God gebruik gemaak van middele, ook toe sy openbaring in die rigting van die totstandkoming van die Bybel beweeg het.

Vroeër het God Hom aan profete en ander mense in drome en gesigte bekend gemaak; Hy laat sy stem hoor en in die liedere, spreuke, vertellings sy inspraak verneem. God se "wêreldgenesende en mensreddende handelinge, soos onder meer sy verkiesing van, verbond met en profetiese Woord aan Israel, die stuur van sy Seun in die vlees en die uitstorting van sy Heilige Gees – dit alles en nog soveel meer is in sy heilige en Goddelike Woord opgeteken" (Heyns, *Inleiding* – p. 71). So word die Bybel die tweede middel waardeur God geken kan word (NGB art 2). Heyns beklemtoon dat die NGB duidelik sê dat ons die Bybel <u>vir hierdie lewe</u> nodig het. Uit sy Woord ken ons die Here immers as die enige en ewige God, as die Skepper van hemel en aarde met alles wat daarin is. Uit sy Woord weet ons dat God die hele skepping onderhou en die wêreld regeer met sy volkewêreld. Ons sien dat God die geskiedenis maak en dat Hy die volkewêreld regeer. Wie God nie uit sy Woord ken nie, ken Hom ook nie uit sy werke nie. Omgekeerd is dit ook waar dat ons geen regte kennis van God het uit sy Woord as ons Hom nie uit sy werke ken nie. Om die Here reg te ken, moet ons nie alleen baie van die Bybel weet nie, maar moet ons Hom ook ken uit sy werke, uit sy doen (die Daad-openbaring). Ons kennis van God moet nie alleen 'n teoretiese kennis wees nie, maar ook 'n praktiese een.

As boek van God se besondere openbaring bring dit die ware lig oor God se openbaring in die werke van sy skepping, onderhouding en regering van die wêreld (bv. Pss 8, 19, 29, 104, Hand. 14:15-17, Rom. 1:18-2:4). So word die natuur in al haar onderdele gesien as die werkplek van God, wat alles dra, onderhou en regeer. Dit is die gelowige wat dit ervaar: ons ken God al beter.

Daar is geen suiwer kennis van God uit sy werke sonder kennis van God uit sy Woord nie

Veral in die geskiedenis van die kerk moet ons God se hand sien; hoe God in sy wêreldbestier sy kerk vergader, beskerm en onderhou. Uit sy Woord ken ons die Here as die God van die genadeverbond, as die Vader van ons Here Jesus Christus en weet ons dat Hy om Christus wil, in die verbond, ook ons Vader is.

God se openbaring in sy werke en in sy Woord is nie van mekaar te skei nie. God openbaar Hom aan alle mense in sy skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Mense wat die lig van God se Woord verwerp, is blind vir God se openbaring in sy werke. Uit sy Woord ken ons die Here as die God van ons genadige verlossing deur Christus Jesus. Calvyn het tereg gesê dat ons die boek van God se openbaring in sy werke alleen kan lees, in die sin dat ons dit saam moet lees.

Daarby is dit die merkwaardigste dat God met 'n besondere <u>sorg vir ons</u> saligheid telkens opnuut met sy voorskrydende heilsopenbaring skriftelik laat vaslê het. Uit die Skrifgegewens blyk reeds dat die besondere openbaring van God meesal aan die optekening en beskrywing daarvan voorafgaan. Deur drome, visioene, inspraak en aanspraak, deur tekens, wonders en verskyninge, deur die tempel en die ontelbare seremonies en offerandes, deur die geskiedenis van Israel en deur allerlei tipes van die komende Christus het God se openbaring onafgebroke voortgegaan en gaan dit vandag nog voort. Daarom sê Heyns (*<u>Inleiding</u>* p80) dat die geskrewe Woord van God in 'n ruimer konteks gesien moet word. Die Bybel as die Geskrewe Woord van God is volgens Heyns <u>in</u> die Woord van God en "daarvan slegs één gestalte", die geskrewe gestalte. So het ons reeds by die twee wyses van die besondere

Vervolg op bl. 12

Die VCHO & prof. Dooyeweerd

Vanweë die VCHO se finansiële betrokkenheid by en belangstelling in die vordering met die verskyning van die versamelde werke van prof. Herman Dooyeweerd, bekende 20ste eeuse Filosoof van Nederland, is daar met prof. Danie Strauss hieroor geskakel. Prof. Strauss was ten nouste gemoeid met die projek wat ten doel het om die versamelde, vertaalde werke van Dooyeweerd te laat verskyn. Prof. Strauss is gevra om die agtergrond en aanloop tot hierdie uitgebreide projek te skets. Die volgende bydrae is ontvang:

Die versamelde werke van prof. Herman Dooyeweerd

Nadat prof. Dooyeweerd in 1997 oorlede is het die *Herman Dooyeweerd Foundation* (HDF) tot stand gekom. Reeds gedurende die jare tagtig is verskeie moontlikhede ondersoek om Dooyeweerd se *Versamelde Werke* die lig te laat sien. By die Internasionale Konferensie wat in 1986 te Zeist, Switserland, plaasgevind het, wat deur die *Stichting Reformatorische Wijsbegeerte* georganiseer is, het die skoonseun van Dooyeweerd, dr. Magnus Verbrugge, met my die moontlikheid bespreek dat VCHO betrokke kan raak en daaropvolgend het die Hoofbestuur van VCHO besluit om R10 000,00 beskikbaar te stel vir die vertaling van Dooyeweerd se artikelreeks wat oor *Die Stryd om 'n Christelike Staatkunde* handel. (Dr. Phil Brouwer het die vertaling gedoen en hierdie Volume is tans as deel van die *Versamelde Werke* beskikbaar.)

Dr. Henk Geertsema, verbonde aan die *Vrije Universiteit* van Amsterdam het teen die einde van die jare tagtig aan die HDF gesuggereer dat 'n Dooyeweerd Sentrum orent gebring en 'n direkteur vir die doel aangestel word.

Die seun van Dooyeweerd, Herman Dooyeweerd (jnr.), het in 1992 'n Memorandum opgestel waarin al die aspekte van so 'n projek gespesifiseer is. Daar is 'n ooreenkoms met die Redeemer University College (RUC, Kanada), gesluit om die *Dooyeweerd Sentrum* daar te huisves en dat internasionaal geadverteer sou word vir die vulling van die pos "Direkteur van die Dooyeweerd Sentrum". Uit al die aansoeke wat ingekom het is twee persone vir 'n onderhoud na RUC genooi, een uit Amerika en een uit Suid-Afrika (Prof. D.F.M. Strauss). Daar is besluit om laasgenoemde aan te stel. In Julie 1994 het prof. D.F.M. Strauss diens aanvaar (wat ook die dosering van verskeie semesterkursusse aan RUC ingesluit het [Sistematiese Filosofie (2x); Geskiedenis van die Moderne Filosofie; Filosofie van die Sosiologie; en Logika]. Die Direkteur moes ook verantwoordelikheid aanvaar vir die generering van fondse om die hele projek te ondersteun. Groot bydraes het van die familie gekom (met name Herman Dooyeweerd jnr. en Magnus Verbrugge – lg. het ook die basiese vertalings van die tweede en derde dele van Dooyeweerd se werk "Reformatie en Scholastiek in de Wijsbegeerte" gedoen (beide tans in druk beskikbaar). Die oorspronklike kontrak wat met Mellen Press (Lewiston, VSA) gesluit is, het sowat 'n dekade gelede ten einde geloop.

Begin 1997 het prof. Strauss na Suid-Afrika teruggekeer en voortgegaan as: "Director at a Distance". Enkele jare later het RUC besluit om iemand op die Kampus as direkteur te laat optree, sodat prof. Strauss hom uitsluitlik met die vertaalprojek kan besig hou. Prof. Elaine Botha het hom opgevolg en sy is weer deur dr. Harry Van Dyke opgevolg wat tans nog ageer as direkteur van die Dooyeweerd Sentrum. Hy is ook deurlopend betrokke by die "Copy editing" van die *Versamelde Werke*.

Danksy die verbintenisse van Kerry Hollingsworth (Grand Rapids VSA) is daar 'n nuwe ooreenkoms met *Paideia Press* (John Hultink en Kerry Hollingsworth) gesluit wat op sy beurt met *Lightning Source* (Nashville, Tennessee, VSA) 'n uiters billike ooreenkoms rakende die *druk* van die Versamelde Werke aangegaan het. Hierdie kontrak impliseer dat wanneer die 25 dele wat beoog word in druk beskikbaar is, almal tesame vir minder as US$200.00 gekoop sal kan word.

VCHO se bydrae erken

Die volledige stel *Versamelde Werke* sal uiteindelik uit die 25 dele, soos in die blok hieronder aangedui, bestaan.

Op bl. 6 van die volume oor: "The Struggle for a Christian Politics" (nr 17 in die blok) word soos volg erkenning aan die VCHO se bydrae gegee:

"The translation by Phil Brouwer was **made possible by a grant from the Association for Christian Higher Education of Bloemfontein, South Africa** (Ed.'s emphasis). It was edited by Natexa Verbrugge and Kathleen Kennedy, while Richard Van Holst edited the footnotes. Final editors are Daniël Strauss, General Editor of The Collected Works of Herman Dooyeweerd, and Harry Van Dyke, Director of the Dooyeweerd Centre for Christian Philosophy, Redeemer University College, Ancaster, Ontario, Canada. …"

Die volledige stel van prof. Dooyeweerd se *Versamelde Werke* sal uit die volgende dele bestaan, soos van prof. Danie Strauss ontvang:

* = Werke wat tans gekoop kan word – Loot Bookshop SA
** = Werke wat binnekort beskikbaar sal wees

A Series – Multiple Volume Sets
1. A New Critique of Theoretical Thought. Vol. 1/1 (564 pp.)
2. A New Critique of Theoretical Thought. Vol. 1/2 (596 pp.)
3. A New Critique of Theoretical Thought. Vol. 1/3 (781 pp.)
4. A New Critique of Theoretical Thought. Vol. 1/4 (257 pp.)

*5. Reformation and Scholasticism in Philosophy. Vol. 5/1 (404 pp.)
*6. Reformation and Scholasticism in Philosophy. Vol. 5/2 (420 pp.)
*7. Reformation and Scholasticism in Philosophy. Vol. 5/3 (294 pp.)

*8. Encyclopedia of the Science of Law. Vol. 8/1 (260 pp.)
9. Encyclopedia of the Science of Law. Vol. 8/2 (260 pp.)
10. Encyclopedia of the Science of Law. Vol. 8/3 (260 pp.)
11. Encyclopedia of the Science of Law. Vol. 8/4 (260 pp.)
12. Encyclopedia of the Science of Law. Vol. 8/5 (260 pp.)

B Series – Smaller Works and Collections of Essays
13. Inaugural Address (1926). (130 pp.)
**14. Time, Law, and History. (320 pp.)
**15. Essays in Legal, Social, and Political Philosophy. (176 pp.)
*16. The Crisis in Humanist Political Theory. (214 pp.)
*17. The Struggle for a Christian Politics. (334 pp.)
*18. The Roots of Western Culture. (256 pp.)
*19. In The Twilight of Western Thought. (180 pp.)
**20. Christian Philosophy and the Meaning of History. (130 pp.)
21. Transcendental Problems of Philosophical Thought. (100 pp.)
**22. Political Philosophy. (132 pp.)

D Series – Thematic Selections From Series A & B
23. Articles on Epistemology and Philosophy of Science.
24. Articles on Philosophy and Theology.
25. Articles on Law, Society, and Political Thought.

Betreffende die internasionale aansien van Dooyeweerd se filosofie, soos gevind in die beoordeling van verskeie wetenskaplikes (van verskillende agtergronde), is die volgende waarderende opmerkings betekenisvol:

(i) "… the most original philosopher Holland has produced, even Spinoza not excepted" – Prof. G.E. Langemeijer (former Attorney General of the Dutch Appeal Court and a former Chairman of the Royal Dutch Academy of Sciences – he is not a Christian – 1965).

(ii) "… the most profound, innovative, and penetrating philosopher since Kant" – Giorgio Delvecchio (a well-known Italian neo-Kantian philosopher).

(iii) "Herman Dooyeweerd is undoubtedly the most formidable Dutch philosopher of the 20th century. … As a humanist I have always looked at 'my own tradition' in search for similar examples. They simply don't exist" – Dr. P.B. Cliteur (President of the 'Humanist League' in The Netherlands and Professor of philosophy at the Technical University of Delft – 1994).

(iv) An internationally well-known Dutch philosopher (who was practically throughout his lifetime a critical conversation-partner radically differing from Dooyeweerd and who influenced many philosophers worldwide), C.A. Van Peursen, by the end of his life remarked that many books written within the domain of philosophy of science should not have been written had the authors first read what Dooyeweerd wrote (1995).

Geloftedag 2014: Feesdiens

by die Vrouemonument te Bloemfontein

Gelei deur ds. C. Bester

Skriflesing: Deuteronomium 8:1-12
Teks: Deut. 8:2

Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie.

Inleiding

In die vyfde vers van ons gelese perikoop staan daar 'n baie verhelderende brokstuk inligting vir die Verbondsvolk: *Julle moet besef, wanneer julle die Beloofde land intrek, dat julle nie maar 'n Bedoeïene-stam is nie, of 'n toevallige grondsoekervolk nie. Nee, julle moet besef dat die Here besig is om julle op te voed soos wat 'n mens sy kind leer!*

Julle moet altyd onthou dat die God van ons verbond sy Woord gestand doen – wát ook al die prys is wat dit Hom sou kos. Ons Skriflesing onderstreep die waarheid dat God by sy volk is op hulle trekpad. Dat Hy hulle versorg van hulle hoofde af tot by hulle skoensole.

Nóg hulle Egiptiese slawerny, nóg hulle veertig jaar van woestyn-omswerwinge het hulle ooit geskei van hulle God se doelgerigte bestiering en geseënde begeleiding nie.

Verwerdig u net om nog 'n keer te kyk na God se reddingskatalogus in Deut. 8:1-12:

Rig julle hele lewe in in ooreenstemming met God se voorskrifte, sodat julle gespaar kan bly; in getalle kan toeneem; en die beloofde land in besit kan neem (vers 1).

Die onsalige keuse wat die volk gemaak het ten spyt, bly die Heer steeds genadig – Hy soek na die tekens van 'n voortdurende bekering van gesindheid by sy verbondsgenote (vers 2).

Daaglikse voedsel (vers 3) en kleding wat 40 lange jare nie verander of verslyt nie (vers 4).

God se doel loop haarfyn uit soos Hy dit beplan het. Hy is die Pottebakker wat sy klei vorm na sy goeddunke (vers 5).

Uit ontsag vir God moet julle sy wette en voorskrifte onderhou, sodat die Here se seën elke dag oor julle pad sal skyn (vers 6).

Die nuwe geslag van die verbondsvolk kom nou weer te staan by die 'poort' van die beloofde land wat hulle vaders nie wou toeëien nie! Die mense het baie pyn en lyding oor hulleself gebring deur hulle verkeerde gesindheid teenoor hulle Verbondshoof … 'n skandeskuld van opstand teen God wat hulle moes bely en laat staan: Hier staan ons nou weer op die plek waar ons voorgeslagte gestaan het, en dis veertig jaar later!

Soos Israel vanouds moet ons ook die Woord se voorskrifte vir ons lewenstyl aanvaar en uitleef. Dán kan ons geseënde lewens voortgaan onder God se Albestier. Die alternatief bly steeds die woestynpad.

I Volheid en oorvloed

Die Here self maak sy seëninge onderhewig aan sy volk se dankbare gehoorsaamheid aan Hom.

By onse God ontbreek géén middele om ons mensies met sy hemelse oorvloed te begenadig



nie – kyk maar, byvoorbeeld, na Skrifwoorde soos Efesiërs 1.

Ons mensies vergeet so gou, so gerieflik, so skaamteloos, dat die pad wat ons gister en eergister afgelê het juis die pad was waarop die Almagtige ons in sy goddelike planmatigheid, alwysheid en genadige beskerming gelei het. Aan hierdie feit laat die Here sy dienskneg, die volk, herinner.

Daarby moet die geloofsvolk steeds herinner word dat hulle toekoms elke dag gebou word op die hede en die verlede – soos 'n prediker dit uitgedruk het: "Hulle moet steeds onthou, en deeglik besef, dat die toekoms alleen bereik kan word langs die pad van vandag, gister en eergister!"

Israel moes herinner word dat die toekomsdae die vrug is van

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

vandag en gister se wandel op God se voorgeskrewe pad.

Soos in die verlede moet hulle ook in die toekoms hulle vertroue net in God stel; dat hulle biddend na sy leiding sal soek en sy Woord onvoorwaardelik sal gehoorsaam. Dán sal Hy Israel baie ryklik seën.

Hierdie gedagte op goeie vleuels is een keer ook deur pres. Paul Kruger onderstreep in staatmanstaak: "Neem uit die verlede dit wat goed en edel is en bou die toekoms dáárop."

Géén volk, allermins ons Afrikanervolk, kan dit ooit waag om die toekoms met verontagsaming van ons verlede te benader nie.

Ons volksverlede is 'n sprekende voorbeeld van die pad waarlangs die Here ons volk gelei het – gelei het tot ons verootmoediging en beproewing; gelei het tot self-ondersoek en Christen-identiteit.

II Ons vaders, en ons

Op hierdie pad het God ons vadere beproef. Hulle het geloftes teenoor Hom gemaak … en Hy het weer beloftes aan hulle gemaak.

Hierdie geloftes en beloftes kom oor die eeue heen tot by ons. Ons kinders is saam met ons ingebind in ons verhouding met die lewende God.

Soos by Israel is elke volk wat ooit met God onderhandel het, ten volle betrokke. Die ontrou en ligsinnigheid van sommiges het nog nooit God se verbondstrou gekanselleer nie.

Laat ons die Here elke dag dank vir sy besondere leiding in ons volk se geskiedenis – en laat elke volk op aarde dieselfde erkentlikheid betoon teenoor die enigste lewende God: dan hoef niemand meer te soek na organisasies om vrede tussen volke te bewerkstellig nie, want egte vrede sal soos 'n fontein oorborrel in die hart van elkeen wat met eerbied en ontsag in aanbidding voor Hom neerval.

Laat ons die Godsvertroue en geloftes van ons voorvaders gedurig in herinnering roep en laat ons in navolging van hul voorbeeld in liefde tot God en gehoorsaamheid aan sy bevele ons volksroeping help vervul.

Die volk wat weier om God se lesse in sy verlede op te merk en in die toekoms te gehoorsaam; wat sy liefde en agting aan iets, of iemand, anders gee – en ander wysheid bo die Woord van God verkies, sal soos Israel ook swaar gegésel word deur God.

Die volk egter wat God kinderlik gelowig erken, sy bevele gehoorsaam en Hom bó alles en almal liefhet 'smaak' en sien dat die Here goed is. Dan is Deuteronomium 8:2 ons vertroosting en geen verskrikking nie.

Amen.

Bekendstelling van Kraal se *Die Erwe van Ons Vaad're* Deel 6: Die Afrikanerrebellie 1914-1915:

Redakteurs: Danie Langner en Andries Raath

Kronieke van marginalisering, verarming en verset

Andries Raath

Deel 2

(Deel 1 van die bekendstelling het in die Sept/Okt-uitgawe verskyn)

Die verloop

De la Rey se dood en begrafnis was keerpunte in die ontplooiende verset van patrioties-gesinde Afrikaners. Tydens 'n protesvergadering die dag ná die begrafnis, besluit tussen 700 en 800 mense op Lichtenburg om 'n beroep op die regering te doen om af te sien van die voorgenome veldtog teen Duitswes-Afrika en om voor 30 September op hierdie versoek te antwoord. Geen antwoord van die regering is egter ontvang nie. Op 9 Oktober gaan Maritz en sy mag van 500 tot 600 man by van Rooyensvlei tot Rebellie oor. Sy ondersteuners ontwapen die nagenoeg 50 Unietroepe in hul geledere wat nie saam wil rebelleer nie en laat hul deur 'n gewapende mag oor die grens in Duitswes-Afrika afvoer. Op 28 Oktober spreek De Wet volgelinge op Vrede toe en maak sy planne bekend: Hy sou na Maritz langs die Oranjerivier deurtrek en vandaar na Pretoria terugkeer om die Britse vlag te stryk en 'n vrye Suid-Afrikaanse republiek te proklameer. Mettertyd sluit Afrikaner-ontvredenes by sy groep Rebelle van ongeveer 300 man aan. Ná Beyers se bedanking as kommandant-generaal van die Univerdedigingsmagte is hy genoodsaak om Pretoria te verlaat en beweeg hy geleidelik na Rustenburg. Op 2 November sluit die Rebelle-kommando's van

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 7

openbaring uitgekom: die geopenbaarde Daad van God – waar dit gaan om die genadeheerskappy van God waarin sy geregtigheid en barmhartigheid, sy vergewende liefde en onveranderlike trou op die skoonste verheerlik word – en die geskrewe Openbaringswoord van God, d.i. die Bybel. Daarby moet bedink word dat die Heilige Skrif nie alleen optekening, vaslegging en beskrywing van God se openbaring was nie, maar ook self openbaring is. So het die korpus van Bybelboeke begin. Ten spyte van misverstande het God volgehou om Homself bekend te maak en het sekere mense dit neergeskryf. Mense het die geskrifte gelees, en oorvertel en oorgeskryf. Dit staan nie los van die openbaring nie, maar midde in die openbaring.

Die doel van die skriftelike Openbaring gee die NGB art. 3 aan (as) dat die lig val op God se besondere sorg op dit wat ons nodig het om te weet om tot sy eer te leef, om salig te leef en te sterf – om dit skriftelik te bewaar. Dit gaan oor ons saligheid – nimmer moet ons dit vergeet nie. Al bevat dit wysheid en skoonheid, tog gaan dit daarin om God en ons verhouding tot God. Sonder die skriftelike bewaring was die gevaar dat God se Woord al meer vervals sou kon word en ten slotte verlore sou gaan. Die skriftelike Woord het die verbreiding van die Woord oor die hele wêreld baie makliker gemaak, om so sy Kerk te vergader en sy heilsplan met die mensheid en wêreld te verwerklik.

God het sy Woord op skrif laat stel sodat ons Hom sal ken, die enige ware God en Jesus Christus, wat Hy gestuur het en deur wie ons die ewige lewe sal hê (Joh. 17:3). Daarin leer ons hoe ons met God, in die verbond, wat nie beperk is tot sondae of in die kerk nie wanneer ons godsdienstig besig is, behoort te lewe. Dit raak ons lewe.

Eerstens beteken dit dat sedert die Bybel voltooi is, ervaar ons albei besondere openbarings nog steeds. Daarby is dit die merkwaardigste dat God met 'n besondere sorg vir ons saligheid telkens in die verlede sy voortskrydende heilsopenbaring laat vaslê het en vandag nog in die vertaling van sy geskrewe Woord. Dit bring mee dat Hy Hom vandag aan ons primêr bekend maak deur sy geskrewe Woord.

Uitbreiding: God se openbaring in sy Woord en sy werke – in ons persoonlike lewe

Ons moet die Here ook leer ken uit sy werk in ons persoonlike lewe. So moet ons ook sien hoe die Here ons in ons lewe lei, in voorspoed en in teenspoed. Selfs in teenspoed, moet ons die hand van die Here sien. Omdat God, om Christus wil, ons Vader is, mag ons daarvan verseker wees dat Hy altyd as 'n Vader met ons besig is en ons lei, só dat daar geen weg is, hoe moeilik ook, waarop ons hemelse Vader nie met ons meegaan nie. Die psalms wat sing oor God en sy skepping, laat die sangers koninklik vry en onbevange staan teenoor die natuur omdat hulle die natuur sien as God se skepping wat van oomblik tot oomblik deur God onderhou en regeer word. Waartoe? Gelowiges moet besef dat die natuur nie bots met en stry teen die genade nie. God gee ons 'n plek in die wêreld en tog mag ons nie van die wêreld wees nie. So leer God se Woord ons dat die sonde nie in die stof sit nie – in die geld of die instrumente nie. Ek kan egter daarmee sonde bedrywe en dit in diens van die sonde gebruik. Hy wat gekom het om ons te red, wil nie alleen ons siele red nie, maar as mense van siel, hart en liggaam salig maak. Daarom moet ons leer in die natuur en in die genade dat ons by geleentheid sekere van sy gawes kan mis, maar dat ons nooit die God van die gawes mag mis nie.

Die aard van ons kennis van God

Kennis van God verbind ons aan Hom waardeur ons ons aan Hom toevertrou, ons aan Hom oorgee, ons ons op Hom verlaat – in lewe en in sterwe. Ons ken die Here soos ons Hom ken as die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat in die verbond om Christus wil ook ons God en Vader is – eenswesens met die Seun en die Heilige Gees. Ons ken die Here as ons in alle dinge van die lewe rekening met Hom hou, as ons niks buite Hom om dien nie. As ons Hom ken as die lewende God wat ons beloof dat Hy aan ons goed sal doen en ons sal seën; maar wat ons ook bedreig met sy strawwe, as ons ons van Hom afkeer. Ons ken die Here as ons ryk is met sy beloftes en bly is met sy gebooie, as ons ook sy bedreiginge ernstig neem. In dié kennis het ons die ewige lewe (Joh 17:3).

Ons kan God en sy werke wel ken, maar nie begryp nie

Ons leer God uit sy Woord wel ken en ons kennis van Hom is ook 'n suiwer kennis, maar ons kan Hom nie begryp nie. God is in sy werke, in sy doen, nooit te deurgrond nie. Ons sien God se werke wel, maar ons kan dit nie deurskat nie. Die onbegryplikheid van God bly ook geld op die nuwe aarde (Jes. 40:28).

Wat God ons wel geopenbaar het

God het ons in sy Woord lank

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

nie alles van Homself en sy werke geopenbaar nie. Boonop, kan ons nie alles begryp wat die Here ons in sy Woord sê nie. Ons ken slegs "ten dele" (1 Kor. 13:9). Dit sê dan dat ons kennis vir aanvulling vatbaar is. Buitendien is ons verstand deur die sonde verduister en die verduistering word solank ons lewe, nie geheel en al weggeneem nie – ook nie deur die verligting van die Heilige Gees nie. Op die nuwe aarde sal die verduistering van ons verstand heeltemal weggeneem word en dan sal ons kennis ook baie groter en ryker wees as wat dit nou is, maar ook dan bly ons kennis na menslike maat. Al het God ons nie alles geopenbaar nie, is wat Hy vir ons sê nietemin waar en betroubaar. God sê ons nie alles nie, maar wat Hy vir ons sê, is die waarheid. God het ons soveel geopenbaar, as wat ons nodig het om tot sy eer te leef en gered te word.

Dit bly onmoontlik om te bewys dat

i God bestaan en
ii die Bybel God se Woord of andersins God se boodskap aan die mense is.

Van hierdie kennis kan alleen God self 'n mens oortuig. So nooi God 'n mens uit om te glo wat daarin geskryf staan en om God te vertrou en jou verantwoordelikhede teenoor God en jou medemens na te kom. Tog noodsaak die misterie dat God self die diepste grond van die Bybel as gesaghebbende Woord van God is, ons om te sê dat dit 100% God se Woord is. Lukas (1:1-4) noem sy informante "dienaars van die Woord". Die "Woord" lyk 'n mag te wees wat begin en voortgaan om mense aan te spreek op 'n wyse wat Lukas oortuig is, die toeligting van sy hele werk nodig het. Die woord Woord by Luk. 1:1-4 laat ons dink aan Joh. 1 waar Jesus die vleesgeworde Woord van God genoem word, as jy wil die Seun van God. Al word Jesus se naam nie direk genoem nie, word Jesus se betekenis in Johannes hier op 'n besondere wyse aangedui. Terug na Lukas, Teofilus word gevra om gehoor te gee aan die besondere Woord – 'n betroubare woord.

Die getuienis van die Heilige Gees

Die Heilige Gees maak dat ons die aanspraak van die Skrif dat dit God se spreke is, glo. Die getuienis van die Heilige Gees is 'n krag wat die Heilige Gees uitoefen deur die Woord waardeur ons die Woord aanvaar as die Woord van God. Dit bevestig die onderliggende grondstelling van hierdie getuienis dat die Skrif van God voortgekom het. Daarom is die Heilige Skrif die enigste reël van geloof en lewe vir die gelowige.

Ons moet God se Woord nie losmaak van God self nie

Die gevaar is dat ons God se Woord maak as 'n ding wat op homself gesien kan word. Dan wil ons ons daarmee besig hou op één of ánder wyse, met één of ánder doel. Ons moet God se Woord nie losmaak van God self nie. Ons moet altyd goed besef dat ons in die Bybel met die lewende God Self te doen het. God Self wil ons daaruit en daarmee aanspreek en daardeur in ons wil werk. Ons moet daarom altyd eerbiedig, met 'n behoeftige hart en in nederige gees luister na wat die Here ons in sy Woord wil sê. Ons moet glo wat Hy aan ons sê en doen, en wat Hy van ons vra. Ons moet ons, in ons hele lewe deur sy Woord laat beheers. In sy Woord kom die Here tot ons met Christus en al sy heil. Deur die geloof en die werking van die Heilige Gees moet ons altyd weer Christus en sy heil toeëien.

Bronne

Feenstra, J.G., *Onze Geloofsbelijdenis.* 1966. Kok.
Heyns, J.A., *Inleiding tot die Dogmatiek.* 1988. NG Kerkboekhandel.
Polman, A.D.R., *Woord en Belijdenis.* Deel I. Wever.
Venema, F.F., *Wat is een Christen nodig te geloven*? De Vuurbaak.

Ledegeld: besonderhede belangrik

Hiermee wil ons graag ons lede se aandag daarop vestig dat ons nog gereeld direkte inbetalings op ons bankstate ontvang waar dit nie duidelik aangetoon word van wie dit kom nie. Ons vra weer vriendelik dat u asb u voorletters en van, asook u lidnommer sal verstrek by inbetaling. (Die lidnr verskyn op die blou herinneringskennisgewing aan lede). Hierdie besonderhede is noodsaaklik, sodat ons tred kan hou met wié bydraes maak en ons databasis sodoende korrek en op datum kan hou. Die lidnommer is kardinaal; selfs al meld u net hierdie nommer dan stel dit ons steeds in staat om die bydrae korrek in ons databasis aan te bring.

Ons hartlike dank gaan aan al ons lede vir hulle volgehoue finansiële ondersteuning van die werksaamhede van die VCHO. Ons vra ook weer vir u volgehoue voorbidding vir die werk in belang van Christelike onderwys.

Tydskrif vir Christelike wetenskap

Ons kyk 50 jaar terug

Hierdie geakkrediteerde tydskrif van ons Vereniging het verlede jaar sy 50ste bestaansjaar beleef, sedert dit in Mei 1965 vir die eerste keer verskyn het. 'n Kopie van die eerste uitgawe verskyn hieronder. Destyds was die redakteur ds. JH Jooste en die uitgawe het die volgende bydraes bevat:

'n Nuwe tydskrif – 'n geloofsdaad – prof. FJM Potgieter

Wat wil Ons? – die redakteur

Die hoë vlug van die natuurwetenskaplike prestasie en denke – dr. JA van den Berg

Kuns en gehoorsaamheid – prof. dr DF Malherbe

Religie, geloof, godsdiens – dr. P de B Kock

Christelike regswetenskap – regter GF de Vos Hugo

Kan wetenskap neutraal wees? – met besonder verwysing na die natuurwetenskappe
Dr. JD Vrey

In sy **redakteursboodskap** het ds. Jooste hom destyds soos volg uitgelaat:

"In sy welkomswoord wat elders in hierdie uitgawe verskyn, skets prof. FJM Potgieter die taak van ons nuwe Tydskrif in treffende woorde. Saamgevat kom dit hierop neer: die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* wil die Christelike wetenskap bevorder tot eer van God en hom daarmee ook ten dienste van ons volk stel vir wie werklike Christelike onderwys 'n saak van nood geword het – en sonder Christelike wetenskap kan Christelike onderwys nie bestaan nie.

Dit is nodig dat ons hier aan die begin in 'n kort woord sê wat ons onder Christelike wetenskap verstaan en daarvoor is die volgende van belang:

Wetenskapsbeoefening is roeping

Aan die mens – as die kroon van die skepping – gee God die kultuuropdrag om die aarde te vul, te onderwerp en daaroor te heers. Vir die behoorlike uitoefening van die koningskap waarin hy deur hierdie opdrag gestel word, is die beoefening van die wetenskap noodsaaklik en daarom is dit 'n roeping van die Here. Die taak van die wetenskap is om die wette wat God in die skepping vir die natuur gestel het en die norme wat Hy vir die mens se lewe as skeppingsordinansies gegee het, gelowig te ondersoek en die resultaat van sy ondersoek tot eer van die Skepper diensbaar te stel aan die mens se koningsopdrag. Hieruit is duidelik dat sowel die subjek as objek van die wetenskap in 'n afhanklikheidsrelasie teenoor God staan.

Wetenskap en sonde

In die sondeval probeer die mens om self soos God te wees en selfstandig orent te kom. Die gevolg is dat die beeld van God in hom tot 'n karikatuur verword en hy uit die amp val. Deur die sonde in sy hart – waaruit die oorspronge van die lewe is – gegryp, is hy sondig in al sy lewensuitinge, d.w.s. ook in sy denke. Onder die dekmantel van gewaande neutraliteit kies hy nou 'n uitgangspunt immanent iewers in die geskape werklikheid en is genoodsaak om een of ander aspek daarvan te verabsoluteer. Afhangende van watter aspek hy tot die "grond van alle dinge" verhef, lewer hy een of ander isme: die humanisme met sy vele uitlopers, die rasionalisme, die naturalisme, die ewolusionisme, die historisme, die eksistensialisme ens. Omdat die beeld van God in hom nie totaal vernietig is nie, sal hy wel brokstukke van die waarheid ontdek en in sommige opsigte groot hoogtes bereik, maar tot die sin-samehang van alle dinge, tot 'n eenheidsvisie en 'n suiwere lewens- en wêreldbeeld kan hy nooit kom nie, veral nie as in aanmerking geneem word dat nie net die subjek van die wetenskap deur die sonde verduister is nie, maar dat ook die objek gebroke is, want "vervloek is die aarde om jou ontwil".

Dat die beoefening van die ongelowige of sg. neutrale wetenskap – ook deur Christene! – in die praktyk wrange vrugte moet lewer, ly geen twyfel nie.

Wetenskap en verlossing

Slegs wie deur Christus in die hart gegryp is, word prinsipiëel in Hom in die amp herstel en in sy hele lewe – dus ook sy denke – weer op God gerig. In die wetenskap bestudeer hy dieselfde werklikheid as sy ongelowige of sg. neutrale kollega, maar omdat hy die Godsopenbaring, soos in die Heilige Skrif vervat, as uitsigtoring het en sy uitgangspunt dus transendent is, kan hy eerstens sy oor te luister lê na wat die Skepper self oor sy skepping sê; sien hy die dinge in die regte perspektief en bedien hy hom van 'n ander verklaringsbeginsel. Nooit word die Skrif vir hom 'n wetenskaplike handboek nie, maar dit gee vir hom die noodsaaklike antwoord op die voorwetenskaplike vrae wat sy hele wetenskapsbeoefening gaan bepaal.

Moontlike verskil van opinie

Omdat ook die Christelike wetenskap die arbeid van mense is, kan ons geen aanspraak maak op volmaaktheid nie. Daarom is

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 14

daar ook hier ruimte vir verskil van mening en moet die navorsing en studie en gedagtewisseling steeds voortgaan. Die grondslag bly egter onaantasbaar, nl. die Heilige Skrif as die onfeilbare Woord van God in sy geheel en in al sy dele.

Uitnodiging

Op bg. grondslag rig ons graag 'n hartlike uitnodiging aan ons akademiese vriende – uit *alle* vakgebiede – om saam te werk deur artikels vir opname te stuur of kommentaar te lewer op artikels wat reeds verskyn het. Die verskeidenheid – wat studieveld aanbetref – moet so groot as moontlik wees.

Met u samewerking kan ons nuwe Tydskrif onder die seënende hand van die Here 'n ruim bydrae lewer tot die uitbouing van die Christelike wetenskap in die algemeen en vir die vorming van 'n integrale Christelike lewens- en wêreldbeskouing vir ons volk in die besonder.

Nodeloos om te sê, bly elke artikel die verantwoordelikheid van die betrokke skrywer en verteenwoordig dit nie noodwendig die standpunt van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys óf sy Hoofbestuur óf die Redakteur nie.

Dank

Aan almal wat meegewerk het om hierdie eerste uitgawe moontlik te maak, kom 'n woord van opregte dank toe – in besonder aan ds. Weitz Botes vir die buiteblad-ontwerp. Bo alles ons nederige dank aan onse God wat tot die arbeid roep. Mag sy Naam ook deur ons onvolmaakte pogings verheerlik word!"

****

Waar ons vandag staan

Die 50ste verskyning van die *Tydskrif vir Christelike wetenskap* was vir ons van besondere betekenis. Nie net daarin dat dit die tydskrif vergun was om 'n halfeeu te bereik nie, maar ook dat dit terselfdertyd die eerste digitale verskyning beleef het. Dit vervul ons met dankbare opgewondenheid. Ter viering hiervan het die redaksie besluit dat 'n spesiale uitgawe van die tydskrif die lig moet sien. Ter herdenking aan die 50 jaar word 'n **feesuitgawe** wat oor "Christelike wetenskap" sal handel hierdie jaar DV in die vooruitsig gestel. Die tema daarvan sal wees: ***Christelike wetenskap in konteks en perspektief.***

'n Eie webblad is verlede jaar geskep, waar vorige en toekomstige uitgawes van die tydskrif voortaan gehuisves sal word. Die webblad kan by die adres **cs-journal** of **christianscholarship-journal** besigtig word, óf deur middel van 'n soektog op die internet na: *Tydskrif vir Christelike wetenskap* of *Journal for Christian scholarship,* wat u na die webblad sal neem. Kyk spesifiek na die skakel waar die volgende gesien sal word om u na die regte webblad te neem: **cs-journal.**

Die digitale verskyning van ons tydskrif hou veelvuldige voordele in, soos die wêreldwye sigbaarheid daarvan per internet en dat dit veel meer toeganklik gemaak word, nie net wat Suid-Afrika betref nie, maar ook vir oorsese belangstelling. Daar het intussen reeds 'n komponent van groter internasionale betrokkenheid bygekom in dié opsig dat meer akademici van internasionale status tans in die redaksie opgeneem is en met die keuring van artikels behulpsaam is. Volgens die redaksionele beleid moet, ter aanvang, minstens twee keurders hulle oor die publiseerbaarheid van 'n artikel uitspreek.

Enigeen wat in die voortgang van Christelike wetenskap geïnteresseerd is kan op die tydskrif inteken, deur 'n aansoek aan die VCHO te stuur. Intekenaars kan 'n keuse tussen intekening op die digitale weergawe of die ontvangs van 'n harde kopie (soos in die verlede) uitoefen. Mettertyd sal vorige uitgawes tot sover terug as 2003 ook op die webblad beskikbaar wees wat die nalees van bydraes aansienlik behoort te vergemaklik.

Akademici en andere wat daarin belangstel om op die tydskrif in te teken of 'n artikel vir die **feesuitgawe** te lewer kan die VCHO per e-pos daarvan verwittig by vcho@mjvn.co.za. 'n Intekenvorm verskyn op bl16.



1965



2014

(Digitale of hardekopie na keuse)

VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS, BLOEMFONTEIN

Intekening
Tydskrif vir Christelike wetenskap/
Journal for Christian scholarship

Minstens twee gewone uitgawes per jaar sal op 'n gereelde basis gepubliseer word, waartoe o.a. ook elektroniese intekening verkry kan word.

Ek, die ondergetekende, teken hiermee in op die elektroniese/hardekopie weergawe van die tydskrif (kies een en skrap die nie-toepaslike).

Naam van persoon/instelling: .....

Volledige posadres: .....

.....

Selfoon/
Telefoon Nr.....

E-pos adres.....

.....
Handtekening

E-pos aan vcho@mjvn.co.za of pos aan Posbus 1824, Bloemfontein 9300

	Intekengeld per jaar / Subscription per annum	
	Elektronies Electronic	Hardekopie Hard copy
Suid-Afrika/South Africa	R40	R 80
Biblioteke/Libraries	R50	R100

Kongres in vooruitsig

Die behoefte aan 'n onderwyskongres is verlede jaar in Pretoria by die Gespreksforum vir Christelike onderwys se byeenkoms uitgespreek. Die VCHO is een van die bestaande vier lede van hierdie Gespreksforum. Akademies te Pretoria is by die Gespreksforum betrokke.

Die onderwyssituasie in ons land is ondermeer tydens gemelde gespreksgeleentheid in oënskou geneem. Die vier gespreksgenote is almal ten gunste van Christelike onderwys in die gereformeerde tradisie en is van oordeel dat daar 'n noodsaak bestaan vir die hou van 'n onderwyskongres.

Die Forum is egter van oordeel dat so 'n kongres wyer aangebied moet word as slegs vir die lede daarvan. Dit behoort ook ander rolspelers in die onderwys in te sluit, selfs al sou daar by sommige grotere of kleinere verskille oor die fundering en inkleding van Christelike onderwys bestaan. Ouers in Suid-Afrika het 'n belang daarby dat daar momentum en voortgang in die rigting van Christelike onderwys behou word. Die jaarlikse gesprek tussen die lede van die Forum dien juis die doel om hierdie kardinaal belangrike saak, ook sover dit die VCHO aangaan, te bevorder.

Die saak is ook tydens die Dagbestuur van die VCHO se vergadering bespreek wat 'n besluit ten gunste van 'n landswye onderwyskongres geneem het. Die aangeleentheid sal nou verder tussen die vier gespreksgenote, maar ook met ander rolspelers wat Christelike onderwys goedgesind is en tot samewerking bereid sou wees, uitgetrap word. Die doel naamlik die moontlike aanbieding van 'n landswye kongres in belang van Christelike onderwys.

Verdere besonderhede hieroor sal in die volgende uitgawe van ons blad bekendgemaak word.

Die verhouding wysgerige, teologiese en vakwetenskaplike etiek

Geneem uit* Etos en Etiek *deur prof JH Smit

In reaksie op 'n bydrae wat in verlede jaar se Mei-uitgawe verskyn het (bl.17 middel bo), het een van ons lesers gevra dat die onderskeide tussen wysgerige, teologiese en vakwetenskaplike etiek uiteengesit sal word. Die volgende bydrae hieroor is geneem uit *Etos en Etiek* (bl.36-39) deur prof. J.H. Smit. Dit is uit die "Wetenskaplike Studiereeks" nr 5 (1985) wat destyds vir die VCHO geskryf is.

****

In hierdie afdeling gaan dit om die ensiklopediese vraag na die plek, aard en verhoudings van wysgerige, teologiese en vakwetenskaplike etiek. In die uiteensetting word veral aandag geskenk aan die standpunte van HG Stoker, JA Heyns en A Troost.

HG Stoker

- *Teologie* is vir Stoker die wetenskap van die *openbaring* van God in sy Woord en in die skepping gesien in die lig van Sy Woordopenbaring, aangaande Homself, die kosmos, en Sy verhouding tot alle dinge. Dit is 'n ondersoek *in respectu Dei* (met die blik gerig op God).
- Wysbegeerte is die wetenskap aangaande die deur God geskape en bestierde kosmos in sy totaliteit en samehangende verskeidenheid. Dit word gekwalifiseer as 'n wetenskap *in respectu kosmou* (met die blik gerig op die kosmos).
- 'n Vakwetenskap is 'n wetenskap van 'n besondere, samehorige groep verskynsels (idionne) uit die verskeidenheid van die kosmos (die wetenskap van 'n 'aspek' van die kosmos) in sy partikuliere besonderheid (HG Stoker, 1967, 225 e.v.).

Wat opval in die uiteensettinge van Stoker is sy klem op 'n benadering vanuit 'n sekere *blikrigting* as onderskeidingskriterium in die benadering van die wetenskappe. Aldrie kan dieselfde gegewens bestudeer sonder om op mekaar se terrein te oortree. Wie die kuns, die sedelike, die psigiese, die lewe, ens. ondersoek *in respectu Dei*, is met teologie besig. Wie dit doen *in respectu kosmou*, d.w.s. in verhouding tot die kosmiese totaliteit, is met wysbegeerte besig. Word die psigiese aspek bestudeer in die besonderheid en verhoudings daarvan, word vakwetenskaplik te werk gegaan. In laasgenoemde geval is die blikrigting vereng tot die besondere aspek of groep verskynsels.

Pas Stoker nou hierdie onderskeidings toe op die soort etiek, stel hy dit soos volg:

- *Teologiese etiek* ondersoek die sedelike in sy betrokkenheid op God. (Dit behels die vrae na die absolute grond van die sedelike, die sedewet as wet van God, die verband tussen die sedelike en die sondeval, verlossing, heiligmaking, gemeenskap van die heiliges, ens.)
- *Wysgerige etiek* is die wetenskap van die fundamentele, kreatuurlik-oorspronklike, onherleibare aard van die sedelike en van die verbondenheid daarvan met die orige kosmos in sy totaliteit en verskeidenheid.
- *Vakwetenskaplike etiek* is die wetenskap aangaande die sedelike in sy telkens gegewe partikuliere besonderheid.
- Hieronder val algemene etiek, indiwiduele en sosiale etiek, huweliks-, gesins-, mediese, bedryfs- en persetiek.

Twee sake word verder ook deur hom beklemtoon:

- Geeneen van die drie soorte etiek kan in isolasie beoefen word nie. Hulle komplementeer mekaar. Bevindings wat nie op eie terrein geverifieer kan word nie, word van die ander geleen.
- Die kwalifikasie *christelik* behoort by aldrie en nie net by teologiese etiek nie.

JA Heyns

In sy bespreking van die vraag na die aard en verhouding van teologiese, filosofiese en vakwetenskaplike etiek, verwys Heyns na die etiese as een van die aspekte van die mens se bestaans- en handelswyse. Die etiese bestaan nie abstrak nie, maar konkreet.

"Dit is o.i. duidelik dat die etiese, nl. die persoonsbehandeling, soos dit in alle intra- en intermenslike verhoudinge en aktiwiteite gegee is, die studieobjek van *alle* wetenskappe behoort te wees" (JA Heyns, 1982, 51).

In *Op weg met die teologie* word teologie soos volg gedefinieer:
"Teologie is die wetenskaplike en deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos … of … die wetenskaplike en deur die tyd bepaalde antwoord op die

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 17

openbaring van God, soos dit in die Heilige Skrif vervat is".

Heyns beklemtoon die algemene openbaring deurgaans in sy werke, maar die "primêre" van die besondere openbaring word so beklemtoon dat die algemene openbaring m.i. nie as gestalte van die Woord, nl. skeppingswoord, tot sy reg kom nie, in ieder geval nie in sy definisie van teologie nie. (Hier gaan 'n visie op christelike wetenskap verlore wat van essensiële belang is, nl. dat uit die Skeppingswoord die skeppingswet afgelees kan word en dat die christenwetenskaplike in die ontdekking en instrumentering van die wet die Wetgewer vereer met sy lof (JA Heyns/WD Jonker, 1977, 137. Vgl. pp. 153 e.v.).

In dieselfde werk is WD Jonker besig met die afgrensing van teologiese etiek as teologiese dissipline. Etiek hou hom besig met die etos of die moraal, die norme vir *sedelike* goed en kwaad en die toepassing daarvan. Etiek is nie sonder meer 'n teologiese vak nie. Dis of 'n selfstandige vak of 'n onderdeel van die Wysbegeerte. Selfs as Christelike etiek hoef etiek nie noodwendig teologiese etiek te wees nie(!) hoewel dit die hulp van die Teologie sal inroep oor Bybelse norme.

"Teologiese etiek is eintlik geen selfstandige wetenskap of selfs 'n selfstandige vak nie. Dit is 'n onderdeel van die Dogmatiek wat hom besig hou met die vraag na die wil van God vir ons sedelike lewe" (Ibid. 294).

Vanuit die Heilige Skrif soek dit na konkrete gebooie en die struktuur van die Bybelse gebooie. Dit gaan oor die etiese implikasies van die kerklike belydenis. Elke stukkie dogmatiek, sê Jonker het ook sy etiese kante.)

lewers is daar 'n hiaat in Heyns se beskouing. Die etiese kan as etiese modaliteit van die bestaan nie tot sy reg kom teenoor normatiwiteit of sedelikheid in die algemeen nie. Verder meen hy dat Teologie met die *God van die wêreld* en die res van die wetenskap met die *wêreld van God* besig is. Teologie bestudeer die Bybel (wat gaan oor God en Sy verhouding tot die kosmos). Die Openbaring kom van "buite die kosmos".

"Teenoor hierdie vertikale dimensie in die openbaring wat deur die teologie bestudeer word, is die *filosofie* 'n totaliteitswetenskap aangaande die kosmos" (Ibid. 52).

Wysbegeerte ondersoek die totale geskape werklikheid, alle kosmiese aspekte en hul samehang: die kosmies-omspannende grondstrukture met die oog op 'n omvattende eenheidsvisie.

Vakwetenskap bestudeer nie die kosmos in sy *totaliteit* soos die filosofie nie, ook nie die kosmos in sy *vertikaliteit* soos die teologie nie, maar 'n bepaalde "funksionele veld" in die kosmos in sy *partikulariteit*.

Die onderskeiding tussen vertikale perspektief en (die geïmpliseerde) horisontale perspektief is niks anders as Stoker se *in respectu Dei* en *in respectu kosmou* nie.

Vir Heyns het aldrie soorte etieke bestaansreg, maar 'n selfstandige vak *Etiek* is uitgesluit. Die rede?:

"Die etiese is 'n dimensie van die wetenskap en daarom is etiek nie *naas* nie, maar *in* die teologie, *in* die filosofie, en *in* elke vakwetenskap, opgesluit" (Ibid. 54).

Dat elke etiek 'n lewens- en wêreldbeskoulike karakter vertoon, staan vir hom vas.

- Teologiese etiek bestudeer, beskryf en sistematiseer beginselgewys die etiese dimensie van die openbaring en spel dit uit vir die ander wetenskappe. Die etiese word vanuit vertikale perspektief belig (in die lig van skepping, sondeval en verlossing). Teologiese etiek is nie die enigste vorm van Christelike etiek nie. (Filosofiese etiek is dus nie *per se* sekulêr nie) Teologiese etiek is nie totalitêr nie, maar staan in wisselwerking met filosifiese en vakwetenskaplike etiek.
- Filosofiese etiek bestudeer die etiese en etiese handelinge onderskeie van en samehangend met die res van die kosmiese verskynsels. Hieraan word veelseggend toegevoeg:
- "Deel van die vasstelling van die wesensaard van die etiese is die talle probleme rondom normatiwiteit, soos bv. die oorsprong, aard, gesag en kennis daarvan" (Ibid. 55) (Ook konkretisering en realisering van norme, motivering, doelstelling, kasuïstiek, deugde, kultuurpatrone en maatskappystrukture). Wisselwerking word ook hier beklemtoon.
- "*Vakwetenskaplike etiek* gaan die plek, funksie, lewensruimte en handelinge van die menslike persoon na, soos dit figureer binne die besondere wetenskap. Hierdie groep van eiesoortige en samehangende etiese verskynsels word bestudeer, ontleed en geïnterpreteer volgens die metodes van navorsing, doelstellinge, ens., eie aan daardie besondere wetenskap". Hy noem mediese etiek, landbou-etiek, persetiek, huweliksetiek, reklame-etiek, sportetiek, taaletiek, ens. Vakwetenskaplike etieke is nooit selfstandig ten opsigte van die wetenskap waarvan hulle 'n inherente deel uitmaak nie. Vir die sinvolle beoefening van vakwetenskaplike etiek is wisselwerking met die ander twee onontbeerlik.

(Die standpunte van A. Troost kan desnoods in 'n volgende uitgawe gepubliseer word – Red.)

Vervolg van bl. 11

Beyers en Kemp, altesaam sowat 2 000 man, op die plaas Vleeskraal, oos van Schweizer-Reneke, by mekaar aan. Hulle besluit dat Kemp met 'n kommando na Duitswes sou deursteek, terwyl Beyers by opstandelinge in die Vrystaat sou aansluit en 'n gewapende protes langs die Vaalrivier sou voer.

Kemp se kommando van ongeveer 600 Rebelle sou na 'n epiese tog deur die woestyn in die hitte van die somer uiteindelik by Maritz aansluit en die Duitse militêre aanvoerders in Duitswes-Afrika ontmoet. Agtervolg deur gemotoriseerde Unietroepe word De Wet en sy volgelinge op die plaas Waterbury, sowat twintig kilometer van Morokweng, omsingel en tot oorgawe gedwing. De Wet gee hom oor aan luitenant-kolonel Jorrie Jordaan, 'n bittereinder van die Anglo-Boereoorlog. De Wet uiter die bekende woorde: "Ek is bly dat dit 'n Afrikaner is wat my gevang het, want die eer – as dit eer is – kom alleen 'n Afrikaner toe." Op 8 Desember word Jopie Fourie in Pretoria tereggestel vir sy aandeel aan die Rebellie. Op 24 Januarie 1915 val Maritz en Kemp Upington voor dagbreek aan. Na aanvanklike suksesse, kry die regeringsmagte die oorhand, waarna die Rebelle van Kemp en Maritz hulself by Upington oorgee. Daarmee het die Rebellie tot 'n einde gekom.

Die omvang

Die Afrikanerrebellie van 1914-1915 was nie 'n deeglik beplande en gekoördineerde versetaksie nie. Dit was grootliks die emosionele opwelling van verset teen die marginalisering en verarming van Afrikaners sedert die Anglo-Boereoorlog. Tog was dit die omvangrykste burgeroorlog tussen blankes in die geskiedenis van Suid-Afrika. Statisties gesproke was daar ongeveer 11 472 persone wat aktief gerebelleer het, waarvan 7 123 (62%) van die Vrystaat was; 2 998 (26%) van die Transvaal en 1 251 (11%) van die Kaapprovinsie. Van die gebore Vrystaatse Afrikaners wat manlik en agttien jaar en ouer was, het ongeveer 16% gerebelleer (teenoor ongeveer 5% in die Transvaal). Die Unieverdedigingsmagte het sowat 32 000 soldate, insluitende ongeveer 20 000 Afrikaners ontplooi om die Rebellie te onderdruk. Sowat twee derdes van die Unieverdedigingsmagtesoldate was Transvalers. Geen Britse/imperiale troepe was nodig om die opstand te onderdruk nie. Aan regeringskant het 132 soldate gesneuwel of aan hul wonde beswyk en 242 soldate is gewond, 190 Rebelle is dood en ongeveer 325 is gewond.

Die persone wat 'n leidende rol in die Rebellie gespeel het, was vooraanstaande persone en gesiene lede van die samelewing. Ten spyte van gesoute en ervare leiers in die Rebelle-geledere kon hulle nie teen die Unieverdedigingsmagte staande bly nie. Die belangrikste redes was dat in die twaalf jaar wat sedert die einde van die Anglo-Boereoorlog verloop het, tegnologiese ontwikkelinge (insluitend vliegtuie en motorvoertuie) die aard en implikasies van oorlogvoering verander het. Die dae toe die gewapende ruiter op sy perd die pas in oorloë kon aangee, was verby. Hoewel Rebelleleiers soos Beyers, Maritz en Kemp voor die Rebellie in die Unieverdedigingsmagte was, was hul middele as Rebelle-aanvoerders beperk, en in die Vrystaat was sowel die Rebelleleiers as hul manskappe nie in moderne oorlogvoeringstegnieke opgelei nie.

Die afloop en implikasies

Die grootste impak en effek van die Rebellie moet nie op militêre terrein gesoek word nie. Hoewel betreklik klein in omvang en hoewel die opstand nie militêre voordele vir patriotiese Afrikaners opgelewer het nie, het die Rebellie groot effek in Afrikanergeledere gehad. 'n Skrywer verklaar: "Nog nooit tevore of daarna het daar soveel bitterheid en so 'n verskeurdheid by die Afrikanerdom geheers nie." 'n Ander skryf dat die geskiedenis van 'n ganse geslag, miskien 'n halfeeu, daarin saamgepers is. Op alle vlakke van die samelewing is die skeuring gevoel – selfs in die kerk waar kerkrade, wat uit die invloedrykste mense in die distrik bestaan het, hulle bykans soos een man by die Rebelle aangesluit het. In sommige gevalle was die situasie kritiek. Godsdienstige verdeeldheid het gewentel rondom die vraag of Brittanje van Suid-Afrika kon verwag om deel te neem aan 'n offensiewe veldtog om 'n ander volk se "landspale" te verskuif.

Tog het daar veel goeds uit die Rebellie na vore gekom. Ten spyte van die moontlikheid dat talle gesinne vanweë die boetes wat Rebelle moes betaal totale verarming en selfs ekonomiese ondergang in die gesig gestaar het, het burgerlike inisiatiewe in Afrikanergeledere na vore getree onder die besef dat hulle self verantwoordelikheid moes neem om 'n groot deel van hul gemeenskap van die bedelstaf te red. Die direkte gevolg was die Helpmekaar-beweging met die besielende appèl: "Laat ons mekaar en ook andere help." Die drie Afrikaanse kerke van gereformeerde oortuiging het deurlopend aan die aktiwiteite en fondsinsamelings van die Helpmekaar-beweging deelgeneem. Hierdie inisiatiewe sou

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

vertolk kon word as die eerste vonk in die Afrikaner se ekonomiese bewuswording, die eerste stappe op die weg na die "Eerste Ekonomiese Renaissance" van die Afrikaner. Daarmee het ook die opheffing van die Afrikaner op onderwysgebied en in sosio-maatskaplike verband na die Anglo-Boereoorlog 'n aanvang geneem.

Die Rebellie van 1914-1915 het ook tot gevolg gehad dat Afrikanervroue sterk op die voorgrond getree het. Oor die hele land het vroue aktief meegedoen aan fondsinsameling vir aangehoudenes, vertoë gerig vir vrylating van Rebelle en optogte gehou om hul weerstand teen regeringsbeleid te demonstreer.

Die versterking van die republikeinse ideaal en strewe van die Afrikaner is in beduidende opsigte deur die Rebellie aangewakker. Die Rebellie het gedien as stimulus van die republikeinse beweging en is die effek daarvan vandag steeds in Afrikanerkringe sigbaar. 'n Outeur stel dit dat indien die betekenis van die Rebellie in die breër verloop van die geskiedenis geleë was in die stimulus wat dit vir die republikeinse beweging gegee het, die nagevolge van die Rebellie, in weerwil van die 100 jaar wat intussen verloop het, steeds sigbaar is. Ten diepste het die Rebelle opgetree uit die besef dat hul politieke toekoms van hul vermoë tot selfstandige optrede afhanklik is. Hoewel die politieke konteks van die Afrikaner sedertdien verander het, was dié besef met republiekwording in 1961 'n belangrike dryfveer en is dit vandag steeds 'n besef wat sluimerend in die Afrikaner se politieke hunkeringe leef.

Waarskynlik is die blywende en universele betekenis van die Afrikanerrebellie geleë in die feit dat die marginalisering van etniese gemeenskappe, geringskatting van hul strewes tot behoud van hul taal, onderskatting van hul toekomsverwagtinge, kultivering van 'n openbare beeld dat hul eintlik tweederangse landsburgers is en verbloemde diskriminasie op ekonomiese en sosio-maatskaplike gebied, politieke regimes kan destabiliseer en geweldige implikasies vir politieke ordes kan hê. Dit hoef nie eens groot getalle mense te wees wat tot verset gedryf word nie, selfs klein getalle gemarginaliseerdes kan tot desperate dade van weerstand gebring word. Die emosionele opwelling wat met rebellie gepaard gaan laat gewoonlik littekens wat in sommige gevalle dekades neem om te heel. Die godsdienstige en emosionele veerkrag van klein minderhede kan geweldige implikasies vir heersers hê. Die opstand van Holland en Zeeland onder leiding van Willem van Oranje teen die gesag van Filips II van Spanje het daartoe aanleiding gegee dat Nederland ná 80 jaar van oorlog, groot lewensverlies en ekonomiese terugslae, polities vry geword het. Selfs die verset van klein groepies gemarginaliseerdes kan blywende emosionele wrewel opwek soos blyk uit die Slagtersnekrebellie van 1815 en die afloop daarvan. Die verset van Afrikaners teen die Kaapse owerhede teen die einde van die 18de eeu en die patriotbewegings wat daaraan deel gehad het, bevestig dat die optrede van gemarginaliseerde groepe soms buite verhouding is tot hul getalle – juis omdat rebellies dikwels aangewakker word deur die marginalisering van emosionele en politieke sentimente wat minderhede na aan die hart lê.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M. Strauss.

VCHO 50 (1999)

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pretoria) en Mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes